# Byvoeglike naamwoorde

Naam:

Woorde wat selfstandige naamwoorde beskryf, word byvoeglike naamwoorde genoem. Byvoeglike naamwoorde gee stories kleur en karakter en help ons om die storie te visualiseer.

Kom ons ondersoek die verskillende maniere hoe ons byvoeglike naamwoorde gebruik:

1. Byvoeglike naamwoorde kan voor OF na ŉ selfstandige naamwoord staan om die selfstandige naamwoord te beskryf:

Die meisie is mooi.

Dit is ŉ mooi meisie



meisie = selfstandige naamwoord
mooi = byvoeglike naamwoord


2. Byvoeglike naamwoorde word soms verander of verbuig as hulle voor die selfstandige naamwoord staan:

- Die byvoeglike naamwoord kry ŉ –e by:
  - ✓ Die kind is *stout*.
  - ✓ Dit is ŉ *stoute* kind.

kind = selfstandige naamwoord
stout = byvoeglike naamwoord

- Die byvoeglike naamwoord kry ŉ –ë by:
  - ✓ Die boom is *hoog*.
  - ✓ Dit is ŉ *hoë* boom.

boom = selfstandige naamwoord
hoog = byvoeglike naamwoord



© e-classroom

- Die laaste letter van die byvoeglike naamwoord verander:
  - ✓ Die man is *oud*.
  - ✓ Dit is ŉ *ou* man.


| |
|---|
| man = selfstandige naamwoord<br>oud = byvoeglike naamwoord |

**Voltooi die aktiwiteite:**

1. Onderstreep die korrekte byvoeglike naamwoord tussen hakies.
   - Die Melkweg is baie (mooi / mooier / mooiste).
   - Die (jong / jonk) seun is baie (lang / lank).
   - Katja sit in die (hoog / hoë) boom.
   - Die (warm / warmer / warmste) as van die vuur die gebruik om (baie / meer / meeste) sterre te maak.
   - Katja en Frederik word (goed / goeie) vriende.
2. Dink kreatief en voltooi die sinne met byvoeglike naamwoorde.
   - Die sterre in die lug is ________________________________.
   - Die ________________________________ klip lê in die pad.
   - Tannie Bea se motor is ___________________________.
   - Jy het ŉ _______________________ tou nodig om die swaai in die boom te hang.
   - Die vrou dra ŉ _______________________ serp, want dit is koud buite.
3. Lees die sinne en onderstreep die byvoeglike naamwoorde.

   Die snaakse hanswors het ŉ bloedrooi neus. Sy strikdas is potblou met grasgroen kolle. Sy hare is goudgeel en sy stukkende hoed is pikswart.

   Kleur nou die prentjie van die hanswors volgens die beskrywing in:



# Memorandum

1. Onderstreep die korrekte byvoeglike naamwoord tussen hakies.
   - Die Melkweg is baie (***mooi*** / mooier / mooiste).
   - Die (***jong*** / jonk) seun is baie (lang / ***lank***).
   - Katja sit in die (hoog / hoë) boom.
   - Die (***warm*** / warmer / warmste) as van die vuur die gebruik om (***baie*** / meer / meeste) sterre te maak.
   - Katja en Frederik word (goed / ***goeie***) vriende.
2. Dink kreatief en voltooi die sinne met byvoeglike naamwoorde.

   ***Leerders se antwoorde sal verskil. Byvoorbeeld:***
   - Die sterre in die lug is ***pragtig/mooi/beeldskoon***.
   - Die ***groot/klein/massiewe/gladde*** klip lê in die pad.
   - Tannie Bea se motor is ***blou/geel/oud/splinternuut.***
   - Jy het ŉ ***lang/kort/korter/dik/dikker*** tou nodig om die swaai in die boom te hang.
   - Die vrou dra ŉ ***pers/kleurvolle/mooi/dik/lelike*** serp, want dit is koud buite.
3. Lees die sinne en onderstreep die byvoeglike naamwoorde.

   Die ***snaakse*** hanswors het ŉ ***bloedrooi*** neus. Sy strikdas is ***potblou*** met ***grasgroen*** kolle. Sy hare is goudgeel en sy ***stukkende*** hoed is ***pikswart***.

   ***Leerders kleur die prentjie van die hanswors volgens die beskrywing in.***